

Ondanks die sondigheid van die mens bly die Here, die Here

Teks: 1 Konings 20: 1 - 22
Teksvers: 1 Konings 20: 13

1. Inleiding

¹³As Ek die hemel gesluit hou sodat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land kaal te vreet, of as Ek pes onder my volk stuur, ¹⁴en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bose weë af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel. Hierdie skynbare bonatuurlike sleutel uit 2 Kronieke 7:13, word dikwels verkondig in moeilike tye.

Want in moeilike tye wil ons graag sin maak van wat om ons gebeur. Ook in hierdie pandemie tyd is dit die geval. Want terwyl Covid-19 vroeër ver op die horison was, is dit skielik baie nader aan my en jou. Baie van ons het reeds geliefdes wat positief getoets het, of selfs al gesterf het. En in die worsteling om die pyn te verwerk vra 'n mens hoekom? En 'n antwoord op hierdie hoekom is soms die mens selfs.

Dit is die mens se skuld dat alles fout gegaan het. En daarom is dit ook die mens se verantwoordelikheid om dit somer self te herstel. Of ten minste iemand te manipuleer om dit te herstel. En uiteindelik bring dit ons by die geloofsbalanstaats idee. Daardie dwaalleer dat my goeie dade tog net meer moet wees as my slegte dade.

Maar as daar nou een koning en gebeurtenis is wat hierdie skaal heeltemal omver werp, is dit Koning Agab. Die berigte koning Agab, wat volgens 1 Konings 16:29 doen wat verkeerd is in die oë van die Here, meer as al sy voorgangers. Hy lei die volk tot oorwinning in ons teksgedeelte vandag. Kom ons gaan leer die groot genade van die Here ken.

2. Die ideale tyd om Israel aan te val

Moet nooit die geleentheid in 'n goeie krisis laat verby gaan nie. Is dit nie iets wat u onlangs gehoor het nie. Om juis die geleentheid in 'n ontwrigte sisteem raak te sien kan baie voordelig wees. Vra maar enige iemand wat beskermende drag of handreinigers op hierdie stadium verskaf. En op 'n manier is dit presies waar Israel is. Hier in 1 Konings 20, is ons nie meer in die regeringstyd van koning Dawid, of die magtige ryk van Salomo nie.

Nee, hierdie is beslis van die moeiliker tye. Ons lees in 1 Konings 17 en 18 van die droogte wat Elia aankondig. Ons weet dat die koning en grootliks die volk in navolging tot die koning hulle rug op die Here gedraai het. Hulle is besig met die afgod Baäl wat koningin Isebel daar ingevoer het. En as mens 'n paar treë terug neem, dan lyk dit mos nou na die ideale tyd om die hond wat lê te skop. Die gunsteling volk van die Here, het Hom verwerp. Die Here wat met magtige hand die volk uit Egipte verlos het, en die nasies in die beloofde land weg gedryf het. Sal hierdie almagtige God nog Sy volk help al word Hy nie deur hulle gedien nie?

En dit is die lyn van argumentasie waarmee ons ook soms gebombardeer word vandag. Die vraag of 'n mens deur die Here geseën kan word, terwyl hy/sy leef onder 'n ongelowige regering. Terwyl hy/sy deel is van 'n kerklose samelewing en/of familie. Terwyl hy/sy omring word deur naam-Christene. Of is dit nou juis die gunstige tyd vir die Satan om aan te val. Terwyl die liggaam van die Here, die kerk swak is. Is dit nie nou die tyd om juis gelowiges, se geloof op die proef te stel nie? Soos dit vir Aram die ideale tyd was

om Israel aan te val, is dit nie ook vandag in Suid Afrika die ideale tyd om die kerk en geloof finaal te verwyder nie? Want sal die groepie swak gelowiges wat tans oor is in die kerk enigsins weerstand kan bied?

3. Die gesalfde van die Here

Tog moet ons nie vergeet wie Agab is nie. Hy is steeds een van die gesalfde konings van die Here se uitverkiesde volk in die Ou Testament. Ja selfs al verloën en verwerp hy dit met alles in sy lewe. Die Here kies mens uit, en dan in die Ou Testament salf hy hulle ook tot Konings en Profete. Die Profete moes die Woord van die Here aan die mense openbaar, want hulle het natuurlik nog nie 'n voltooide Bybel soos ons gehad nie. Maar die konings moes die land regeer.

En hulle moes die land regeer tot eer van die Here. Een van aspekte om die land te regeer tot eer van die Here, behels die verlossing van heidense volke rondom Israel. Volke wat weer die Israeliete onder die slawehand wil indring. En aanvanklik faal Agab ook in hierdie aspek van sy regering. In vers 3 en 4 gee Hy sommer die vrouens en kinders oor in die mag van Ben-Hadad. Maar dan sien ons die kragtige werking van die Heilige Gees, alreeds hier in die Ou Testament. Agab begin teen verwagting in opstaan teen die bose Ben-Hadad in vers 9.

Deel van die roeping van die gesalfdes van die Here in die Ou testament was die uitroeiing van die bose. En die hoofpunt van ons teksgedeelte vandag is die groot slag wat Aram toegedien word, selfs deur een van Israel se ongelowigste konings. Hierdie heidense volke moes met die banvloek getref word. Iets waarin Agab uiteindelik net soos Sy mede gesalfdes van die Here faal.

Maar dan is daar die rede waarom ons nie meer vandag gesalfdes van die Here het nie. Ons het vandag die ewige gesalfde. Ons Here Jesus Christus wat gesalf is tot Koning en Profeet. Wat volmaak

verlossing bring van die Heidendom en die bose. Ons het na Christus nie weer 'n ander gesalfde nodig nie.

4. Die eer van die Here

Maar in die prediking vandag wil ons tog uitkom by die rede waarom die Here vir Agab gebruik om vir Aram te verslaan. Die rede waarom Hy nie maar wag tot 'n meer Godvresende koning vir Agab opvolg nie. En die rede gaan nie oor enige iets anders as die eer van die Here nie. En dit is waar die medorne mens wat maar net alles wil manupileer en vorm tot sy voordeel, dikwels die punt mis.

Die eer van die Here staan sentraal, en daarom eindig ons teksvers et die woorde: "Dan sal jy besef dat Ek die Here is". Want dit is die uiteinde van die saak. Die Here openbaar homself, ja selfs aan Agab. En hierdie openbaring wys duidelik God se almag en soewereiniteit. Hy is nie afhanklik van mense om enige iets te doen nie. Die mense, selfs al is hy/sy hoe sondig en boos, is nie in staat om die werking van die Here te keer nie.

En alhoewel die werking van die Here verskriklik is vir die bose, soos Aram, is die genade van die Here geweldig. En dit sien ons bewys hier in die lewe van Agab. Want hierdie is omtrent die enigste goeie ding van Agab, wat ons ooit in die Bybel lees. Maar dan is die genade nie net vir Agab nie. Dit is ook vir daardie vroue en kinders wat hy bereid was om te offer aan Aram vir sy vryheid.

As die Here se genade nie so groot wat om alleen tot Sy eer te werk nie, dan was ons sonder hoop in hierdie lewe. As die Here se verlossing en seën, net kon geskied in antwoord op my godvresende lewe en prestasies, dan was ek in die moeilikheid. Maar in genade kom red die Here my selfs waar ek diep in my sondigheid verkeer. Want ten slot van sake doen Hy dit nie tot my eer nie. Maar net tot die eer en verheerliking van Sy Heilige Naam.

5. Slot

Ons kan vandag se preek afsluit met die ou Gereformeerde waarheid, dat ons nie gered word op verdienste nie. Niks wat ek kan doen of gee, kan die Here manipuleer of dwing om my te seën nie. In elkgeval om geloof op hierdie manier te gebruik is eintlik niks ander as selfdiens nie. Maar uiteindelik is God ook nie ver en ontoereikend nie. In Genade kies Hy mense uit en werk die geloof in hulle. Die geloof in die verlossing in ons Here Jesus Christus. Verlossing uit die bose wat ons net sy slawe en dienaars wil maak.

Maar wat dan van 2 Kronieke 7 wat so maklik aangehaal word. Sonder om nou met 'n afsonderlike preek te begin is dit belangrik om die volgende raak te sien. Die woorde wat ons in 2 Kronieke 7 lees is tipiese verbondstaal. Want dit is ook waarna dit verwys. Die ewige verbond wat tussen die Here en Sy kinders bestaan. Die belangrike saak wat die nuwe testamentiese gelowige altyd moet besef wanneer ons na die verbond kyk, is die volgende. Die feit dat die mens nooit waarlik homself verootmoedig en die aangesig van die Here soek nie. Ons sien dit in die feit dat die mensdom homself nog nooit ten volle bekeer het van Sy sondige weë nie.

Maar tog soos duidelik in ons teksgedeelte vandag is alles nie verlore vir die mens nie. Want die Here kom werk, deur die kragtige werking van die Heilige Gees vandag nog die geloof in ons. Ja, selfs al verdien ons dit glad nie, kom red die Here ons in die volmaakte offer van ons Here Jesus Christus. Die vraag waarmee ons vanoggend egter hiervandaan uitmekaar gaan is, getuig my lewe in dankbaarheid oor hierdie verlossing van die Here. Probeer ek goed doen en die aangename geur van die ware liefde van die Here versprei waar ek gaan? Of laat ek my eenvoudig maar weer verslaaf raak aan die wêreld se booshede?

Kom ons gaan leef in dankbaarheid ons verbintenis aan die Genadige Here wat red ondanks die mens se verkeerde optrede uit. Kom ons gaan doen dit met woord en daad.

Amen